

13.3 RAPPORT 3 – BESTUUR VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO AAN DIE LEDE VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO – OUDITKOMITEE – ADMINISTRATIEWE BURO VAN DIE GKSA, EMERITAATSVERSORGINGSTRUST EN DIE GKSA PREDIKANTE PENSIOENFONDS (Art 181)

13.3 REPORT 3 – MANAGEMENT OF THE ADMINISTRATIVE BUREAU TO THE MEMBERS OF THE ADMINISTRATIVE BUREAU – AUDIT COMMITTEE – ADMINISTRATIVE BUREAU OF THE GKSA, “EMERITAATSVERSORGINGSTRUST” AND THE GKSA MINISTERS’ PENSION FUND (Art 181)

- A. Die Sinode vergader as ‘n Ledevergadering van die Administratiewe Buro.
The Synod proceeds in a Member’s Meeting of the Administrative Bureau.
- B. Br LJ Kruger stel die Rapport.
Br LJ Kruger tables the Report.
- C. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report is concluded while the Synod is in session.

D. RAPPORT / REPORT

<p>1. Funksionering van die Ouditkomitee Die Ouditkomitee het jaarliks vergader.</p> <p>Die Ouditkomitee het finansiële state, bestuursverslae van die eksterne ouditeure, solvensie-, waarderingsverslae en projeksies (waar van toepassing) en enige ander tersaaklike inligting in oënskou geneem en in detail bespreek.</p> <p>Navrae is aan die Bestuur gerig. Navrae is na wense beantwoord.</p> <p>Die Ouditkomitee het telkens verslag – wat insluit opmerkings en aanbevelings – aan die Bestuur gelewer.</p> <p>Die Ouditkomitee beveel aan dat die Finansiële State goedgekeur word.</p> <p>Besluit: Kennis geneem.</p> <p>2. Debiteure Die tydskrifte- en boekedebiteure is deur die Finansiële bestuurder beoordeel en ‘n beraming van moontlike oninbare debiteure is gemaak aan die hand van die volgende kriteria: (a) debiteure rekeninge ouer as 1 jaar, en (b) debiteure rekeninge met geen beweging die afgelope jaar.</p> <p>Voorsiening vir moontlik oninbare debiteure is voldoende.</p> <p>Die Ouditkomitee stem saam met die beleid.</p> <p>Besluit: Kennis geneem.</p>	<p>1. Functioning of the Audit Committee The Audit Committee meets once per year.</p> <p>The Audit Committee reviewed and discussed the financial statements, management reports of the external auditors, solvency reports, valuation reports and projections (where applicable) and any other relevant information.</p> <p>Questions were raised with Management and answered satisfactorily.</p> <p>The Audit Committee reported back – including remarks and recommendations – to Management.</p> <p>The Audit Committee recommends that the financial statements be approved.</p> <p>Decision: Noted.</p> <p>2. Debtors The debtors of the magazines and books were reviewed by the financial manager and an estimate of possible uncollectable debtors were drafted in relation to the following criteria: (a) debtors’ accounts older than 1 year, and (b) debtors’ accounts with no movement in the past year.</p> <p>Provision for possible uncollectable debtors is sufficient.</p> <p>The Audit Committee concurs with the policy.</p> <p>Decision: Noted.</p>
--	---

<p>3. Voorraad Boekevoorraad ouer as een jaar is vanaf 2018 teen RNul gewaardeer. Die Ouditkomitee stem saam met die beleid. Besluit: Kennis geneem.</p> <p>4. Openbaring van bates en laste Die navrae van die Ouditkomitee is bevredigend beantwoord. Besluit: Kennis geneem.</p> <p>5. Lopende saak Die Bestuur lewer verslag oor die solvabiliteit, likiditeit en bateverhouding. Die Bestuur is tevrede dat die Administratiewe Buro as lopende saak kan funksioneer. Die Ouditkomitee beveel aan dat die verslag aanvaar word. Besluit: Kennis geneem.</p> <p>6. Interne Oudit Die Administratiewe Buro het nie interne ouditeure nie. Besluit: Kennis geneem.</p> <p>7. Ouditkomitee kontrole Die Ouditkomitee het die onderstaande aspekte geëvalueer.</p> <p>7.1 <u>Interne kontrole</u> Skeiding van pligte is nie volledig moontlik nie agv die klein personeel van die Administratiewe Buro. Die ouditeure bevestig dat hulle tevrede is dat met die bestuur van sake met inagneming van die beperkte hoeveelheid personeel. Bestuur rapporteer dat daar toegangskontrole oor IT-stelsels is, dat 'n rugsteunstelsel in plek is en dat 'n rampherstelplan opgestel is. Die Bestuur het verslag gelewer omtrent die kontrole oor banktoegang. Die Eksterne ouditeure het die interne kontrolemaat reëls beoordeel. Die Ouditkomitee beveel aan dat - deurlopend aandag aan interne kontrole gegee word.</p> <p>7.2 <u>Finansiële verslagdoening</u> Die Ouditkomitee het die wyse van verslagdoening en die toepaslikheid daarvan beoordeel. Die toepaslikheid van rekenkundige beleid en beginsels is geëvalueer.</p>	<p>3. Stock Book stocks older than 1 year have been valued since 2018 at RNil. The Audit Committee concurs with the policy. Decision: Noted.</p> <p>4. Disclosure of assets and liabilities The queries of the Audit Committee were satisfactorily answered. Decision: Noted.</p> <p>5. Going concern Management reports on the solvability, liquidity and asset ratio. Management is satisfied that the Administrative Bureau can function as going concern. The Audit Committee recommends that the report be accepted. Decision: Noted.</p> <p>6. Internal Audit The Administrative Bureau does not have internal auditors. Decision: Noted.</p> <p>7. Audit Committee Review The Audit Committee evaluated the following aspects.</p> <p>7.1 <u>Internal Review</u> Separation of duties is not totally possible given the small number of staff members of the Administrative Bureau. The auditors confirm that they are satisfied with management of affairs given the limited number of staff members. Management reports that access control over IT-systems occurs, that a back-up system is in place and that a recovery plan has been drafted. Management reported in regard to supervision of banking access. The external auditors reviewed the internal control measures. The Audit Committee recommends that internal review occurs on an ongoing basis.</p> <p>7.2 <u>Financial Reporting</u> The Audit Committee reviewed the method of reporting and its suitability. The suitability of the accounting policy and principles was evaluated.</p>
--	---

<p>Die Ouditkomitee het aanbevelings gemaak.</p> <p>7.3 <u>Ouditeure</u> Die Ouditkomitee het die fooie, aanstellingsvoorwaardes en onafhanklikheid van die eksterne ouditeure beoordeel. Die Ouditkomitee het die mening van die eksterne ouditeure insake die bekwaamheid van die Administratiewe Buro se personeel bekom. Die eksterne ouditeure het gerapporteer dat daar geen onopgeloste ouditverskille was nie. Die Ouditkomitee beveel aan dat die eksterne ouditeure weer aangestel word.</p> <p>7.4 <u>Voldoening</u> Die Ouditkomitee het navraag gedoen met die betrekking tot die nakoming van statutêre vereistes. Die Ouditkomitee beveel aan dat die Bestuur voldoening moet bespreek om te verseker dat aan alle vereistes voldoen word.</p> <p>Besluit: Punte 7.1 tot 7.4 kennis geneem.</p>	<p>The Audit Committee offered recommendations.</p> <p>7.3 <u>Auditors</u> The Audit Committee reviewed the fees, appointment conditions and independence of the external auditors.</p> <p>The Audit Committee sought the opinion of the external auditors in regard to the competency of the Administrative Bureau staff. The external auditors reported that there are no unresolved auditing discrepancies. The Audit Committee recommends that the external auditors are reappointed.</p> <p>7.4 <u>Compliance</u> The Audit Committee enquired about compliance with statutory requirements.</p> <p>The Audit Committee recommends that Management review such compliance to ensure that all requirements are met.</p> <p>Decision: Points 7.1 to 7.4 noted.</p>
---	--